

**Dinsdag 29 September**

**Skrifgedeelte: Ester 9:20-32**

**Fokusgedeelte: Ester 9:26, 27**

**Ons mag nooit vergeet dat God in sy voorsienigheid vir ons sorg nie.**

**M**ens kan tog so gou vergeet as alles voorspoedig gaan. Daarom skryf Mordegai en Ester briewe aan al die Jode. Hulle word gelas om elke jaar op 'n spesifieke tyd die pasafgelope gebeure te herdenk en te vier. Die fees moet volgens die voorgeskrewe wyse plaasvind. Hulle moet altyd herinner word hoe groot die nood was, hoe hulle gevas het en hoe God op 'n wonderlike manier uitkoms gegee het. Hulle moes dit nie doen om te voorkom dat hulle die verlede vergeet nie. Hulle moes in die hede, terwyl die "normale" lewe voortgaan, bewus bly van God se regering en voorsienigheid.

Die fees is die Purimfees genoem, na aanleiding van die "Pur" of die lot wat Haman gewerp het om te bepaal op watter dag die Jode uitgeroei moet word. Ons vier nie die Purimfees nie. Dit is 'n Joodse nasionale fees. Maar eintlik is elke dag vir ons Purimfees. Ons moet elke dag onthou dat God in beheer is. Hy beskik en bestier ons lot. Ons getroue God het Jesus Christus gestuur om ons lot te verander, sodat ons nie die ewige dood ingegaan het nie, maar die ewige lewe ontvang het. Die Jode het op die Purimfees gedink aan hulle oorwinning oor hulle vyand. Ons dink aan Jesus Christus se oorwinning oor die dood, die sonde en oor die bose magte.

Ons word opgeroep om elke dag vanuit die oorwinning te lewe. En daarom is ons lewe 'n lewe van feesviering en blydskap. Ons lewe 'n ware dankbaarheidslewe, waarin ons ook in liefde uitreik na ander mense, veral mense in nood. Op die Purimfees was dit immers die gebruik om geskenke aan mekaar te stuur, ook aan die armes.

*Sing: Psalm 103-1:1*

*Ds. AL Pelsner (Abri) (Bethlehem)*